


Die Drie-enige God dra ons deur lyding?

Romeine 8:26-30, 37-39



Daar is baie mense wat sukkel om in God te glo, of om in God te bly glo, juis omdat daar soveel lyding in ons wêreld is. Kyk net al die lyding, die miljoene mense wat van honger geweld of in natuurrampe sterf, weerlose mense uitgelewer aan die gebrokenheid van ons wêreld. Kyk maar hoe swaar kry selfs die aarde, God se skepping! Waar is God in dit alles? Hoe kan ons in 'n God glo wat toelaat dat al die lyding gebeur? So vra die mense wat sukkel om te glo. Paulus probeer in Romeine 8 hierop antwoord.

Hy antwoord nie regtig op die meer filosofiese “hoekom laat God die lyding toe” vraag nie, maar eerder op die vraag: “waar is God wanneer ons so ly?” In sy antwoord probeer Paulus ook nie die lyding ontken, of sakter maak nie. Nee, dat ons tans nog in 'n baie stukkende wêreld leef, is waar. Hy gebruik woorde en uitdrukkings soos “lyding”, alles en almal is “onderwerp aan 'n sinlose bestaan”, en “verslawing aan verganklikheid”. Ons, die ganse skepping “sug”, ons “kreun”, ons “verlang”. Ja, ons leef nog in die bedeling van gebrokenheid en lyding, dit erken Paulus.

Maar in die lyding is daar tog hoop, 'n verwagting, 'n verlange na iets heerlik wat wag, 'n nuwe era wat kom. Die gesug en kreun is soos geboortepyne; dit gaan verby, en dan gee dit geboorte aan iets wonderliks. Ons ís erfgename van die nuwe lewe wat kom, 'n nuwe wêreld waar alles heel en nuut sal wees. Ja maar, sê die mense wat sukkel om te glo, dit is mooi woorde oor eendag, wanneer eendag ook al kom, maar wat van vandag? Wat van die hede, die lyding waaraan ons nou en hier onderwerp is? Waar is God nou? Wat doen God hier, terwyl ons ly?

In die lyding en die gebrokenheid van vandag, sê Paulus dan, kom die Drie-enige God ons tegemoet. God die Vader, en God die Seun en God die Heilige Gees is aktief besig om ons deur ons lyding te dra. Elkeen van die drie persone help ons. Hoe?

1. In die eerste plek het **God die Seun** in ons lyding in gedaal. Deur sy kruis het Hy ons lyding op Homself kom neem, het Hy met ons kom mee-ly. En deur sy opstanding het Hy vir ons 'n weg deur die lyding gebaan. Hy het ons kom verlos, ons weer God se kinders kom maak, erfgename en deelgenote van die heerlikheid wat kom. Hy is die eersgeborene van ons almal wat nuutgebore word tot 'n nuwe lewe in God se teenwoordigheid. En toe die Seun hierdie verlossingswerk klaar gedoen het, het Hy met sy hemelvaart gaan sit aan die regterhand van die Vader op die troon. Daar tree Hy nou vir ons in, pleit Hy, herinner Hy die Vader dat ons sy kinders is, dáár hou Hy ons vas sodat niks of niemand ons van die liefde van God kan skei nie. Hierdie wete dra ons deur ons aardse lyding – ons weet dat niks, ook nie lyding nie, ons lewe uit God se hand kan ruk nie.

2. In die tweede plek het God die Vader en God die Seun ook vir ons **God die Heilige Gees** gestuur, om by en in ons te kom bly – vandag, hier en nou. En, staan hier, die Heilige Gees kom in ons lyding langs ons staan, binne ons. Om saam met ons te sug. Om namens ons te sug. Wanneer ons nie meer weet wat of hoe om te bid nie, vertolk die Heilige Gees ons woordelose gesug by die Vader se troon. Die Heilige Gees kom in ons lyding in, sug saam met ons, maar ook namens ons, en dra dan ons versugting oor aan die Vader op die troon en die Seun langs die troon. In ons lyding bid beide die Seun en die Gees vir ons, tree die Seun en Gees aktief vir ons in voor die Troon. Beter pleitbesorgers of voorbidders, kan ons nie kry nie!

3. En die **Vader** dan? Die Vader op die troon deurgrond die versugtinge van die Gees. En die Vader hoor en verstaan die gebede van die Gees en die Seun namens ons. Die Vader wéét van ons lyding, die Vader hoor ons versugtinge, die Vader wéét wat ons nodig het, en wat die beste vir ons is. En omdat Hy ons Vader is, Christus ons sy kinders gemaak het, daarom, sê Paulus hier, kan ons verseker weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet, vir hulle wat volgens sy voorneme geroep is.

Dis sekerlik een van die mooiste en mees troosryke tekste in die Bybel. Ons kan wéét dat God alles ten goede laat meewerk... God die Vader weet wat ons nodig het, Hy deurgrond die gebede wat Christus en die Heilige Gees namens ons voor sy troon bring. Natuurlik antwoord God nie alles soos ons graag wil nie. Natuurlik sê die teks nie alles sal altyd net goed en gaaf met ons gaan nie – meestal is ons maar nog deel van hierdie gebroke bestaan wat nog aan lyding onderworpe is ... maar, ons kan weet dat alles vir ons ten goede sal meewerk ... want, die Drie-enige God kom ons in ons swaarkry tegemoet.

Ons is tans in Pinkstertyd – die afwagting op die uitstorting van die Heilige Gees. In hierdie tyd staan ons opnuut in verwondering oor die werk van die Drie-enige God, hoe die drie persone in die Drie-eenheid saamspan, saam werk, saam stem, om alles

vir ons ten goede te laat meewerk. Ook die lyding wat ons moet deurgaen, ook dit kan uiteindelik vir ons ten goede afloop!

As iemand dan vra: maar waar is God in al die lyding rondom ons? Dan kan ons antwoord:

God die Seun het in ons lyding in gedaal, deur sy kruis en opstanding het Hy vir ons 'n weg daardeur gebaan. Nou tree Hy vir ons in by die Vadertrou.

God die Heilige Gees kom sug saam met ons, binne ons, en vertolk ons woordelose kreune by die Vader.

En God die Vader weet wat ons nodig het, Hy sal álles vir ons ten goede laat meewerk.

Dis daarom dat Paulus dan in 'n loflied, 'n oorwinningslied uitbars: "Maar in dit alles is ons selfs meer as oorwinnaars deur Hom wat sy liefde aan ons bewys het. Ek is immers daarvan oortuig dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenwoordige nóg toekomstige gebeure, nóg kragte, nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping, ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here."